PETS MARAIS
*Penkoppe van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*
Pretoria: J.P. van der Walt en Seun
1993
199 pp.
R56,45
ISBN 0-7993-1826-4

Hierdie interessante boek wat onlangs by J.P. van der Walt-uitgewers verskyn het, is net nog 'n bewys dat hierdie onderwerp — die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 — nog lank nie uitgeput is nie en, hoe nader ons aan die honderdjarige herdenking van hierdie gebeurtenis beweeg, sal daar waarskynlik nog veel meer boeke verskyn.

Hierdie publikasie wat, soos die titel aandui, handel oor die jong seuns wat aktief in hierdie oorlog betrokke geraak het, is die pennevrug van Pets Marais wat al bekendheid as romanskrywer verwerf het.

Die skrywer van hierdie boek is dus nie 'n historikus nie en alhoewel sy haar besonder goed van haar taak gekwyt het, is daar tog 'n gebrek aan historiese insig en gepaardgaande vaardigheid om histories te interpreteer wat met die deurlees van die boek deurskemer. En, hoewel daar wel 'n bronnelys agterin die boek verskyn, is daar nie van 'n verwysingstelsel in die teks gebruik gemaak nie. Deur in die teks eietydse en hedendaagse bronne te vermeng is onwetenskaplik en onderbreek die historisiteit van die vertellinge. Veral verwysings na sekondêre bronne (in teenstelling met persoonlike herinneringe) moet verkieslik in voetnote of in 'n bylae gedoen word.

Daar is ook 'n gebrek aan objektiwiteit. Bronne, sowel eietyds as hedendaags, word sonder enige verifiëring weergegee. Dit is veral in hoofstuk 10 wat sy haar onvermoë om objektief te skryf openbaar. Deur die Britse soldate as vuil ens. te beskryf maak sy dieselfde fout wat sy beweer hulle gemaak het, deur te veralgemeen in hulle beskrywings

van die Boere as vuil en onhigiënies.

Die boek is dus geen wetenskaplike studie oor hierdie onderwerp nie, maar 'n romantisering daarvan wat sy hoofsaaklik uit reeds bestaande publikasies saamgestel het.

Die bronnelys is wel bevredigend verteenwoordigend van boeke wat gedeeltelik of in geheel oor die onderwerp handel; tog mis mens 'n paar publikasies wat bruikbare materiaal bevat. So byvoorbeeld, glo ek, kon sy die boek van Fransjohan Pretorius (*Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*), wat terloops die voorwoord tot haar boek geskryf het, nuttig aangewend het. Sy sou die gegewens vervat in bladsye 256 tot 259 in prof. Pretorius se boek kon gebruik.

Dit alles gesê moet egter in ag geneem word dat die skrywer self in haar inleiding en slothoofstuk sê dat dit nie "die volledige verhaal van die penkop" is nie en dat die werklike deeglike akademiese navorsing nog gedoen moet word.

Wat wel onverskoonbaar is, is 'n aantal foute en verkeerde interpretasies, soos byvoorbeeld op p. 81: Generaal Viljoen het nie "'n draai by Komatiepoort gaan maak om die buitelanders te gaan afsien nie." Die kommando's is tot daar teruggedryf deur die Engelse en moes vandaar deur die laeveld (en wildtuin) na Pietersburg padgee. Dit was 'n keerpunt in die oorlog. Dit is hierdie tog deur die laeveld wat Schikkerling beskryf.

Die byskrif by die foto op p. 37 is misleidend. Die foto is waarskynlik aan die begin van die oorlog, tydens die beleg van Ladysmith, geneem, en nie aan die einde nie. Hier, soos in talle ander gevalle in die boek, sou 'n datum van pas gewees het. Die woord "marsjeer" op p. 78 is verkeerd gebruik. Soldate marsjeer, nie burgers op perde nie.

Hierdie paar punte van kritiek ten spyt, is dit 'n interessante boek wat lekker lees en vir jonk en oud wat in hierdie oorlog belangstel, aanbeveel kan word. Dit sal veral ons moderne jeug baat om kennis te neem van die opofferinge en swaarkry van hierdie jongmense. Die boek is ook goed versorg en 'n aantal goeie foto's verhoog die waarde van die publikasie.

Ten slotte. Ek vind dit tog vreemd dat skrywers nog die benaming Tweede Vryheidsoorlog gebruik. Veral nadat al herhaaldelik in die verlede daarop gewys is dat dit 'n benaming is wat tog net vir die Transvalers kon geld en nie vir die duisende Vrystaters wat met groot eer aan die stryd deelgeneem het nie. Anglo-Boereoorlog is 'n meer neutrale begrip en is selfs internasionaal aanvaarbaar.

LOUIS CHANGUION
*Universiteit van die Noorde*